

Sondag 1 Mei

Skrifgedeelte: Genesis 1:1-5 (1953-vertaling)

Fokusgedeelte: Genesis 1:2

Die Heilige Gees lê beslag (sy hand) op die skepping

Die Heilige Gees, as derde persoon van die Drie Eenheid van God, kan nooit van die Vader en Seun geskei word nie en was ook betrokke by die skeppingswerk van God die Vader en van Christus die Middelaar.

Die skeppingsgebeure is in meer as een opsig vir ons verborge en 'n groot geheimenis. Dit geld ook van die Heilige Gees se betrokkenheid by die skepping. Tog weet ons uit die res van die Bybel dat die Heilige Gees lewe skep en Hy bring daardie lewe onder gesag van die Vader en die Seun.

Op die eerste skeppingsdag lê die Heilige Gees sy hand op die “woeste en leë wêreld”, omdat dit onder die gesag van God staan en lewe sal voortbring wat God sal eer en verheerlik! Die skepping was dus van die begin af onder die leiding en bestuur van die Heilige Gees. Van die begin af was die Heilige Gees die “Trooster” van die skepping! Dit sê vir ons ontsaglik baie, veral vandag wat Werkersdag is. Op een of ander manier werk ons almal met die skepping.

As Geesvervulde gelowiges moet ons die gesag van God oor die skepping erken:

- Ons moet alle lewe met respek behandel.
- Ons moet die sondegebrokenheid van die skepping beveg, deur siektes, soos die koronavirus, te bestry.
- Ons moet verantwoordelik omgaan met gifstowwe en ons huislike afval verantwoordelik bestuur en herwin waar moontlik.
- Maar ons moet ook die produkte van die wetenskap onder gesag van God stel. Dit geld onder andere die gebruik van jou selfoon en die internet.
- Dit beteken ook dat dinge soos drank en medikasie reg gebruik moet word.

... sodat die skepping ook onder jou hand tot eer en lof van God sal strek.

Sing: Psalm 104-1:17, 18

Ds. CJ van Vuuren (Christo) (Hartbeespoort)